**As ons willens en wetens aanhou sonde doen**

**Heb 10:26-31**

**25 September 2022**

1. Heb 10:19-25 – Daar is toegang tot die Allerheiligste van die ware tabernakel deur die bloed van Jesus: (1) laat ons dan ingaan met geloofsekerheid en opregte hart, (2) laat ons vashou aan die belydenis van ons hoop, en (3) laat ons mekaar aanspoor tot liefde en goeie dade en nie die samekomste van die gemeente verwaarloos nie.
2. Heb 10:26-31 is 'n vierde waarskuwing (Vorige drie: Heb 2:1-4, Heb 3:12-4:13, Heb 5:11-6:8)
3. Inhoud van waarskuwing (Heb 10:26-31):
    a. V26: "Want" – bou voort op vorige argument in v24-25
    b. V26: "Ons" – sluit die skrywer in, deelgenote van die hemelse roeping (vgl Heb 3:1)
    c. V26: "willens en wetens" – opsetlik (vgl OAV en NAV)
        i. In OT was daar geen offer vir opsetlike sondes nie (Num 15:22-24, 30-31)
    d. V26: nadat kennis, en insig, van waarheid ontvang is (vgl Filemon 6, Kol 2:2)
    e. V26: aanhoudende willens en wetens sonde
    f. V26: dan is daar geen offer meer nie (soos in OT)
    g. V27: alleen verskriklike verwagting van oordeel – veral finale oordeel
    h. V28: Verwerping van wet van Moses het doodstraf beteken, mits daar 2-3 getuies was (Deut 17:2-6)
    i. V29: Swaarder straf verwag in die nuwe verbond (vgl Luk 12:47-48), drie getuienisse:
        i. Vertrap die Seun van God
        ii. Ag die bloed van die verbond gering
        iii. Daag die Heilige Gees uit (vgl Luk 12:10)
    j. V30: God self gaan oordeel (vgl Deut 32:35-36)
    k. V31: Dis verskriklik om te val in die hande van die lewende God (Spr 1:28, Eseg 8:18)
4. Besinning oor betekenis van die waarskuwing
    a. Daar is 3 groepe mense: nie-Christene, voorgee-Christene, ware Christene
    b. Fokus is nie op nie-Christene nie – het nie kennis van die waarheid ontvang nie
    c. Nuttig vir voorgee-Christene, maar nie primêre fokus nie (was fokus in Heb 6:4-8)
    d. Fokus is op ware Christene:
        i. "Ons" – sluit die skrywer in, wat tog ware gelowige is
        ii. Dieselfde "ons" het toegang tot die heiligdom (v19)
        iii. "Ons" het reeds kennis/insig van die waarheid ontvang (v26)
    e. Kan ware Christene weer hulle geloof verloor? Nee – Joh 10:28
    f. Maar ware Christene is steeds sondaars, wat selfs willens en wetens sondig
    g. Dit is ernstig: Vertrap die Seun, ag die verbond gering, daag die Gees uit – volharding hierin beteken daar is nie meer 'n effektiewe offer nie (vgl Jak 1:14-15)
    h. Waak teen eensydige beklemtoning van: Glo net, en jy sal gered word – wat waar is.
    i. Netso waar is: word verlos deur heiligmaking (2 Tes 2:13), bewaring deur waarskuwing (1 Pet 1:5), sorg dat geloof nie skipbreuk ly nie deur goeie stryd te stry (1 Tim 1:19)
    j. Ons weet nie presies hoe ver gelowige kan volhard in willens en wetens sondes, en tog nog gered wees nie
5. Opsommend: Gelowiges moet hulle bekeer van willens en wetens sondes, want
    a. dan het hulle nie die verskriklike verwagting van oordeel nie,
    b. maar eerder die hoop om in die Allerheiligste van die ware tabernakel in te gaan